**Maandag 27 Maart**
**Skrifgedeelte: Matteus 9:36 – 10:10, 40-42**
**Fokusgedeelte: Matteus 9:36; 10:5, 7, 42**
**Verkondig vir armes van gees dat God se koninkryk naby gekom het – selfs deur koue water te gee!**

Christus voel jammer vir die skare wat in hulle heilsverwagting deur die Joodse leiers mislei is, hulle was moeg en uitgeput soos skape sonder ’n herder. Hulle was ryp vir God se heil in Christus en baie was arm van gees, omdat hulle besef het dat hulleself en hulle eie menslike pogings niks kon baat nie. Daar was ’n groot oes vir God se koninkryk, maar min arbeiders om aan hulle te gaan verkondig dat die koninkryk van die hemele in Christus naby gekom het (Matt. 10:7).

Christus het in Matteus 5:3 gesê: As jy arm van gees is, afhanklik van God is, behoort die koninkryk aan jou, want jy besef en beleef: God regeer as Koning en sorg as Vader in Christus nou en ewig. Daarom moes sy dissipels uitgaan en aan hierdie volk gaan verkondig dat die koninkryk in Christus naby gekom het, en daartoe moes die dissipels self arm van gees gewees het en hulle afhanklikheid van God besef het. Hulle moes besef en verkondig dat die koms van die koninkryk van God nie afhanklik is van geld, rykdom, eie krag of prestasies nie, maar van God wat regeer en hierdie dinge in sy Raad net gebruik as instrumente.

Daarom moes hulle geen reissak vir die pad of ekstra klere of skoene of ’n stok saamneem soos gewone reisigers nie, hulle moes geheel en al van God afhanklik wees wat die arbeiders in sy oes self onderhou, want die arbeider is sy voedsel werd (Matt. 10:10). Die huise waarin God bely is as Koning wat sorg, sou aan hulle sorg voorsien (Matt. 10:11). En almal word opgeroep tot medewerkers in die verkondiging van die koninkryk deur selfs vir hierdie kleintjies, die dissipels wat die koninkryk preek, net ’n beker koue water te gee.

Om so arm van gees te word is nie maklik nie, want dit druis teen die menslike natuur in wat eerder graag belangrik wil wees, self gedien wil word en eie koninkryke wil bou. Daarom moet die Heilige Gees jou verander, arm van jou eie gees maak dat jy na Christus se voorbeeld ander hoër as jouself ag en jou vir God se Koninkryk beywer. Dan dien jy ander en gebruik jy jou gawes wat God gegee het tot hulle nut en saligheid, al is dit met ’n beker koue water. Dan verkondig jy die Koninkryk van die hemele en is self erfgenaam daarvan deur Christus se verdienste en is uitermate gelukkig deur die saligheid in Christus wat geen aardse rykdom kan gee nie.

*Sing: Skrifberyming 17-1:6*

*Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)*